



Verwysing: 20160406-9231  
Lêer: 5/8/4/1/2  
Navrae: B Le Keur

Omsendbrief: 0016/2016  
Vervaldatum: 31 Maart 2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders Hoofde: IBB-koördinerings- en -advies, Adjunkdirekteure by distrikskantore en Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

Kort opsomming: *Geleentheid vir nie-artikel 21-skole om skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels te bestel vir gebruik in 2017.*

**Onderwerp: Aanlyn bestelling van skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels in die 2016-/2017-boekjaar vir alle nie-artikel 21-skole.**

1. Skole word hiermee in kennis gestel van die eerste aanlyn geleentheid vanaf 09 tot 18 Mei 2016 om skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels te bestel vir gebruik in 2017.
2. In 2015 is skole in Omsendbriewe 0005/2015 en 0022/2015 in kennis gestel van die twee afsonderlike kontrakte wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) aangegaan is sowel as die bestelproses wat gevolg moet word, ingevolge die kontrakte wat op nie-artikel 21-skole van toepassing is.
3. Riglyne sal op die SOBIS beskikbaar gestel word om te verduidelik hoe die behoeftes om skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels vasgevang en afgeteken moet word.
4. Die WKOD sal, soos uiteengesit in Omsendbrief 0005/2015, namens nie-artikel 21-skole bestellings plaas by gekontrakteerde diensverskaffers vir die skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels wat aangevra word.
5. Skole mag slegs aanlyn bestellings plaas vir die items wat in die skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels se katalogusse gelys word (hierby aangeheg).
6. Let asseblief daarop dat die kontrak vir skryfbehoeftes nie voorsiening maak vir die verskaffing en aflewering van kopieerpapier en drukkasette nie. Hierdie items, sowel as ander items wat nie in die katalogusse vir skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels gelys word nie, sal apart deur kwotasies verkry word wat deur die "Integrated

Procurement Solution (IPS)" ingewin word. In hierdie opsig, moet skole rekwisities (WKOD-026-vorms) teen nie later nie as 18 Mei 2016, aan die LOOM-kantoor stuur om tydige aflewering te verseker.

7. Daar sal van skole verwag word om van hulle norme- en -standaarde se fondse gebruik te maak om al hulle behoeftes vir skryfbehoeftes en skoonmaakmiddels te dek. Dit is dus baie belangrik vir skole om sorgvuldig te werk te gaan wanneer hulle bepaal hoe hulle die norme en standaarde se fondse gaan bestuur om sodoende die beskikbaarheid van voldoende fondse vir hulle vereistes te verseker. Om skole in hierdie verband by te staan, sal bevestiging van bestellings sowel as die waarde daarvan aan skole gestuur word soos wat bestellings verwerk word.
8. Skole word aangemoedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak om die meerderheid van hulle behoeftes te bestel en sal gedurende Augustus 2016 'n tweede geleentheid ontvang om enige verdere items te bestel om addisionele behoeftes wat steeds voorkom, te dek.
9. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** PA VINJEVOLD

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:** 2016-04-13